# GEMEENTEBULLETIN

**21 AUGUSTUS 2020**

STELLENBERG GEMEENTE

## AANLYN EREDIENSTE | SONDAG 23 AUG.

**Oggenddiens**

Matteus 25:31-46 | Is ek 'n kanaal van God se genade? | Ds. Marius Breytenbach

**Gesinsdiens**

Matteus 25:31-46 | Is ek 'n kanaal van God se genade? | Ds. René Potgieter

**Meditatiewe diens**

Matteus 25:31-46 | Die ewigdurende uitnodiging | Ds. Philipp Dietmann

**Relevant-diens**

Die diens word Sondagaand om 18:00 direk uitgesaai. Die skakel na die direkte uitsending asook die besprekingsgeleentheid na die diens is op www.stellenberg.co.za.

**KYK** aanlyn Sondagoggend vanaf 06:00 en enige tyd daarna na die opnames van bogenoemde eredienste op www.stellenberg.co.za, of op die Youtube-kanaal.

**LUISTER** na die klankbaan van die oggenddiens op die webwerf.

**LEES** die geskrewe oggenddienspreek op die webwerf.

## KERKRAADSVERGADERING | 24 AUG.

Kerkraadslede sal Maandagaand saam oor die gemeente se pad vorentoe besin. Ons vra lidmate se voorbidding vir dié belangrike vergadering.

Aspekte waaraan die strategiekommissie reeds aandag gegee het, soos in die Augustus-uitgawe van die *Stellenberger* uiteengesit, sal onder bespreking wees. Die artikel word weer aangeheg vir meer breedvoerige agtergrond.

Bid asb. dat dié groep leiers met wysheid en onderskeidingsvermoë geseën word.

### STELLENBERG BYBELSKOOL

Die volledige Bybelskoolreeks oor Paulus se vroeë lewe, sy radikale bekering en sy bediening wat daarop gevolg het, is nou aanlyn beskikbaar. Besoek www.stellenberg.co.za en kliek op die Bybelskool-blokkie op die tuisblad, om na die ses opnames te kyk.

### HULP@STELLENBERG.CO.ZA

Indien jy hulp (fisies of geestelik) benodig tydens die inperking, of graag hulp wil aanbied, stuur asb. 'n e-pos aan bg. adres of kontak ons leraars telefonies.

## SPESIALE DOOPGELEENTHEDE

Spesiale doopdienste vir ouers wat graag hulle babas tydens die grendeltyd wil laat doop, sal gereël word. Indien jy 'n lidmaat van die gemeente is en jou baba in dié tyd wil laat doop, kontak asb. vir Odette by odette@stellenberg.co.za.

## DAAGLIKSE GEESTELIKE BOODSKAPPE

Die daaglikse geestelike dagstukke wat op die webwerf en die gemeente se Facebookblad beskikbaar is, kan nou ook as 'n stemboodskap wat deur leraars opgeneem is, geluister word.

Indien jy graag na die daaglikse boodskap (stemopname) op jou selfoon wil luister, stuur asb. 'n WhatsApp met jou *naam* + *stemboodskap* na 083 611 4720.

Jy sal dan op die verspreidingslys geplaas word en die stemboodskap daagliks op jou selfoon ontvang. Geen gemorspos nie.

## ANNIBRAND SENIOR-GROEPE

Graadgroepe gaan voortaan afwisselend op Sondae die geleentheid gegee word om eredienste en kategese-kleingroepe in die kerk by te woon.

Die graad 11-groep kom op Sondag 23 Augustus eerste aan die beurt. Die groep word uitgenooi om die erediens in die kerk by te woon. Die diens word vanaf 17:30 met musiek en geleentheid vir aanbidding voorafgegaan.

**Vanaf 18:00 word die diens direk via die Relevant YouTube-kanaal uitgesaai** sodat almal kan inskakel. Na die diens, teen 18:45, sal die kategese-aanbieding ook interaktief in die kerk aangebied word en alle graadgroepe kan deur *The Talk*, beskikbaar op relevantcommunity.co.za, by die aanlyn bespreking inskakel.
Op 30 Augustus kom die graad 10-groep aan die beurt.

### STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. 'n Kliniese sielkundige, spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Die sentrum is gesluit, maar Rudolph van Schoor, sentrumbestuurder en lewensafrigter, is beskikbaar by

082 854 4530.

### STELLENBERG-GEMEENTE

www.stellenberg.co.za

**Kerkkantoor**

021 976 4519

navrae@stellenberg.co.za

**Straatadres**

h.v. Moutain Viewrylaan en Edelweissweg, Eversdal, 7550

## BAIE DANKIE

- Ons wil lidmate wat by die handsakprojek betrokke geraak het, bedank vir die skenkings van pragtige, gevulde handsakke wat ons ontvang het.
- Ons is baie dankbaar teenoor alle lidmate wat gereeld finansieel tot die kosprojek bydra en ook ons getroue span sopkokers wat weekliks sop, dikwels ook uit hulle eie sakke, kook en by die markplein aflewer.

Ons is voorwaar geseën met lidmate wat barmhartige harte het.

## VOEDSELHULP

Voedselhulp in samewerking met verskeie nieregeringsorganisasies, bly een van die gemeente se hoogste prioriteite. Voedsel word tans weekliks in Wesbank, Khayelitsha, Kraaifontein en Ysterplaat versprei.

Indien jy tot die uitgebreide voedselbediening wil bydra, kan jy 'n elektroniese oorbetaling na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, maak. Gebruik *hande en rande* as verwysing.

Ons benodig steeds **sopkokers**. Ons wil graag van ons sopkokers 'n ruskansie gun. Indien jy bereid is om weekliks 'n pot sop te kook, kontak asb. vir Anène Nortier by 083 581 6930.

## MET LEEDWESE

Lodewyk Christiaan (LC) Steyn, gebore 15/10/1945 en oorlede op 18/08/2020. LC was sedert 1994 'n lidmaat van die gemeente en 'n getroue kerkganger wat graag die oggenddienste bygewoon het. Sy roudiens is op Woensdag 26 Augustus om 11:00 in die kerk. Ons opregte meegevoel met sy kinders en kleinkinders wat hy agterlaat.

### NUUS PER E-POS OF OP JOU SELFOON

- Ontvang die bulletin weekliks, asook die skakels na eredienste per e-pos deur jou e-posadres aan sanel@stellenberg.co.za te stuur.
- Sluit by die WhatsApp-groep aan om die bulletin en die skakel na die oggenddiens op jou selfoon te ontvang deur jou naam, van en selfoonnommer na 083 611 4720 te stuur.

### GEBEDSVERSOEKE

Stuur jou gebedsversoeke (anoniem indien jy dit verkies) na navrae@stellenberg.co.za.

## FINANSIËLE BYDRAES

Ons bly opreg dankbaar teenoor elke lidmaat wat steeds finansieel tot die gemeente se werksaamhede bydra. Die kerkraad beskou rentmeesterskap as een van hulle grootste verantwoordelikhede en in die lig daarvan word deeglike besinning rakende alle spandering toegepas.

### Debietorder

Laai die aansoekvorm van die webwerf af.

### EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening


145 058 0011, takkode 632005.


### SnapScan

### Kontantbydraes – plaas in die posbus

Diegene wat verkies om hulle bydraes kontant te gee, kan steeds kontantbydraes by die kerkkantoor afgee. Daar is 'n beveiligde posbus by die voordeur van die kerkkantoor. Plaas jou bydrae daarin. Die posbus word daagliks leeggemaak.

## BANKKOLLEKTES EN DANKOFFERS




ZOOM GEBEDSBYEENKOMS

Skakel via *ZOOM* by ons weeklikse gebedsbyeenkoms om 18:30 op Dinsdagaande in. Almal is baie welkom om deel te neem. Stuur 'n e-pos aan sanel@stellenberg.co.za of rene@stellenberg.co.za sodat ons die skakel na die byeenkoms vir jou kan e-pos.

AANLYN ADVERTENSIEBLAD

In die Samaritaan-advertensieblad op ww.stellenberg.co.za word produkte, huishoudelike dienste, onderrigdienste, dienste in die leefstyl- en skoonheidsbedryf, woonplekke, werksgeleenthede, asook gesondheidsdienste geadverteer. Advertensies sonder 'n foto kan teen R50 per maand geplaas word en die met 'n foto teen R100 per maand. Stuur 'n epos aan sanel@stellenberg.co.za.

# Vanjaar is die antwoorde anders

Deur: Ds. Callie Visagie

Ek lees onlangs die vertelling van ’n senuweeagtige student van Princeton Universiteit in die 1930’s, met die ontvangs van sy eksamenvraestel. Hy voel effens verward. Vir ’n oomblik word hy deur ’n gevoel van *dé jà vu* oorval, want alles voel net té bekend, en hy wonder by homself: “Kan dit wees dat die welbekende, gerespekteerde Albert Einstein dieselfde vraestel sal herhaal?” Die jongman konfronteer sy dosent na afloop van die toets en vereis ’n verduideliking, waarop die dosent antwoord: “Jy’s 100% reg, die vrae is dieselfde, maar vanjaar is die antwoorde anders.”

Daar is ’n versteekte waarheid in dié reaksie en dit het sekerlik ook betrekking op die kerk te midde van ons huidige omstandighede: ons rol, roeping en die werklikheid van dít wat vir ons voorlê in die toekoms. Die afgelope maande het nuwe uitdagings aan die leierskap en predikante se kreatiwiteit en innoverende beplanning gestel. Hoe kan ons effektief bedien, waarop moet ons fokus en hoe hoor ons die Here se stem te midde van nuwe omstandighede, is van die vrae waarmee ons geworstel het. Beplanning vir die toekoms en die wyse waarop die gemeentelike bediening gaan lyk, kan nie meer steun op ou en geykte antwoorde nie.

Die Strategiekommissie van die kerkraad is al die afgelope paar weke hieroor in gesprek met mekaar, met kundige rolspelers asook met jong lidmate. Ons vra ons die vraag af – waarheen wil die Here met ons as geloofsgemeenskap beweeg en hoe wil Hy ons gebruik?
In die gesprekke word onder meer na die volgende gekyk en krities daaroor besin:

- Wat is die kerk en hoe is ’n gemeente veronderstel om te funksioneer? Hoe moet die gemeente ingerig en bestuur word om uiting daaraan te gee?
- Vlugvoetigheid en die wegbeweeg van vaste strukture moet deel wees van vernuwende denke.
- Ons eie konteks is belangrik, maar dit staan nie teenoor dit wat ons kan leer uit navorsing en ander kerklike patrone en studies nie.
- Ons moet daarteen waak om op eilande te funksioneer; ons moet voortgaan om netwerke te ontgin en nie alles alleen probeer doen nie.
- Besinning oor die aanwending van al die gemeentelike hulpbronne wat ons lidmate, predikante, asook fasiliteite, insluit.
- Die daarstel van ’n nuwe leierskapbasis vir die gemeente: lidmate wat eienaarskap neem en passievol is oor bepaalde bedienings.
- Besinning oor die bedieningstruktuur van die gemeente en die rol van predikante en die administratiewe personeel daarin. Daarmee saam moet die volhoubaarheid van die grootte van die huidige predikante- en personeelkorps geëvalueer word.

- Besinning oor die bronne van gemeentelike bydraes (dankoffers) en die afhanklikheid van ander insamelings, soos onder meer die feesmark.
- Om die funksionele gebruik van die gemeentelike eiendomme en fasiliteite uit te bou.
- Die rol van digitale media in die bedieningstrategie van die gemeente en om dit te balanseer met die prioriteit van onderlinge saamwees.

Met dié doel voor oë en as visie ***Christus, ons Verlosser, leef*** het die leierskap en meelewende lidmate oor baie jare heen reeds op 'n skeppende en vernuwende wyse binne die konteks van geloof en meelewing aan hierdie roeping gestalte gegee.

Nou staan ons voor 'n nuwe hoofstuk. Ons nooi elkeen uit:

- Bid asseblief saam met die leierskap vir wysheid en insig in die onsekere tyd.
- Waar en waarheen word jy in dié tye as lidmaat geroep? Waar lê jou passie en waar wil jy betrokke raak? Ook – en veral – in hierdie nuwe tye en met nuwe geleenthede wat wag, bly Stellenberg-gemeente 'n gemeenskap van mense wat streef om nader aan God en mekaar te leef, uit te reik oor alle grense heen en voortdurend te vernuwe.